**Steinhoff-skikking: Húlle is vies oor 5c in rand.**

’n Groot groep wat van die groot pensioenfondsbestuurders in Suid-Afrika in regsgedinge teen Steinhoff verteenwoordig, is baie ontevrede met die skikkingsvoorstel wat die maatskappy vandeesweek formeel bekendgestel het.

Die maatskappy Hamilton is gestig om batebestuurders te verteenwoordig en is reeds in minstens drie hofsake met Steinhoff gewikkel om skadevergoeding te eis.

Die grootste is die regsgeding wat op 26 Junie 2020 in die hooggeregshof in Kaapstad gebring is waarin Steinhoff vir R14 miljard plus rente gedagvaar is.

Fondsbestuurders soos Allan Gray, Coronation, Bateleur Capital, Abax Investments, Denker, Electus, Eskom se pensioenfonds, Investec Batebestuur (nou Ninety One), Momentum, Old Mutual, Sanlam, Tantalum Capital, Truffle en Visio Capital is instellings wat namens hul kliënte vir Steinhoff in die klasaksie dagvaar.

Steinhoff het die afgelope week amptelik die skikkingsproses begin wat in Suid-Afrika deur middel van ’n art. 155-reëlingskema plaasvind.

Terselfdertyd is aangekondig Hamilton het ’n hofaansoek gebring om Steinhoff se voorstel van hoe die eisers gegroepeer word, te betwis.

Die eisers gaan in die klasse wat hul ingedeel word, stem ingevolge die art. 155-reëlingskema.

Dit is van belang wie in watter klas opgedeel word omdat dit die stem ten gunste of teen die skikking kan swaai.

Byvoorbeeld kan die ondernemings van Christo Wiese, voormalige voorsitter van Steinhoff, in die klas waarin hulle gegroepeer is op grond van die waarde reeds die goedkeuring daar bewerkstellig.

Baie eisers, insluitend Trevo Capital, Business Venture Investments 1499 (BVI) en sekere individue, het by dié saak ingegryp as partye omdat hulle ook ’n belang het by die rangskikking van die groepe.

Steinhoff staan die aansoeke teen.

In Julie, toe die eerste voorstel oor die skikking uitgereik is, het Hamilton aangedui hy kan dit nie ondersteun nie omdat dit aansienlik ten gunste van eisers soos Wiese was, wat hul aandele bekom het deur transaksies buite die mark, ten koste van kopers in die aandelemark.



Dit blyk uit ’n skrywe wat vandeesweek bekom is dat Hamilton se ongelukkigheid oor die jongste skikkingsvoorstel handel oor hoe die eise van die groepering van markdeelnemers (soos pensioenfondse) anders behandel word as die groepering van kontraktuele litigante soos Wiese se entiteite.

Hulle word verskillend behandel ten opsigte van hoe die aanvangswaarde van hul eis bereken word en die verhalingskoers waarteen ’n skikkingsbedrag daarop bepaal word.

Die verhalingskoers van kontraktuele litigante in Suid-Afrika beloop 29,3% of 29c vir elke rand, terwyl Wiese se ondernemings s’n 18,7% of 18c per rand beloop. Daarteenoor is die herstelkoers vir markdeelnemers 5% of 5c van elke rand.

Steinhoff erken ’n eis van Wiese se Thibault-onderneming van R31,8 miljard. Die skikkingsbedrag wat vir hom voorgestel word, is R7,9 miljard.

As Wiese se ondernemings op dieselfde wyse as die markdeelnemers hanteer word, sou ’n eis van slegs R15,4 miljard vir hom erken word en sou sy skikkingsbedrag net R1 miljard beloop, lui die brief van Hamilton.

Oorsee beloop die skikkingsbedrag wat opsygesit word vir die skikking met markdeelnemers en kontraktuele eisers €370 miljoen (sowat R6,5 miljard) en in Suid-Afrika word R8,9 miljard opsygesit.

Wiese kry dus amper die helfte van die totale skikkingsbedrag.

Die skikkingsbedrag word die helfte in kontant en die helfte in Pepkor-aandele betaal.

Die wenkbroue het ook die week gelig oor die “addisionele €61 miljoen” (sowat R1 miljard) waarmee die onderneming Conservatorium gaan wegstap nadat ’n aparte skikking verlede naweek bereik is.

Conservatorium maak aanspraak op Wiese se eise teen Steinhoff omdat hy aanvoer hy het groot internasionale banke se regte om te eis gekoop. Die banke het voorheen ’n lening aan ’n onderneming verskaf waarin Wiese die grootste aandeelhouer was om aandele in Steinhoff te koop.

Dié skikking is bereik voor Conservatorium se aansoek Maandag in Nederland aangehoor is om ’n herstruktureringspraktisyn vir Steinhoff aan te stel. Dit sou beteken Steinhoff gaan sukkel om die formele skikkingsproses te begin.

SQUIDEYE



Conservatorium kry ook ingevolge die voorwaardelike skikking wat 14 Februarie bereik is tussen Steinhoff en van Wiese se ondernemings die eis wat Wiese teen die oorsese Steinhoff ingestel het. Dit het in die voorstel wat in Oktober op die tafel gesit is €82 miljoen (R1,4 miljard in vandag se wisselkoers) beloop.

**Christo Wiese**

Wiese wou Vrydag nie kommentaar lewer oor die skikkingsvoorstel nie.

Hy het einde Julie toe die eerste skikkingsvoorstel bekendgemaak is, gesê mens kan nie "bloed uit 'n klip tap nie" – Steinhoff het net soveel om te verdeel.

Ander eisers is ook baie ontevrede met die voorstel.

**Trevo Capital, Hamilton**

'n Verteenwoordiger van Trevo Capital sê die voorgestelde skikking is "alles behalwe billik en regverdig". "Daarom sal Trevo dit betwis."

Die sowat 12 ander eisers wat by Hamilton aangesluit het, glo ook dat die voorstel nie die skuldeisers billik hanteer nie.

**Lancaster**

Jayendra Naidoo, eienaar van die finansiëledienstegroep Lancaster, wat jare gelede 'n lening van die staatsamptenare se pensioenfonds (GEPF) van die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) gekry het om in Steinhoff te belê, is ook baie ontevrede met wat aangebied word.

'n Kontraktuele eis van Lancaster 101 – die onderneming waarin sy maatskappy en die OBK 'n belang hou – asook van die OBK en GEPF word erken. Die een eis beloop R3,9 miljard en die ander R643,8 miljoen.

In die voorstel van Oktober is 'n volle en finale skikking aangebied van gesamentlik sowat R266,5 miljoen.

Talle ander eise van dié partye word as nie-kwalifiserende eise beskryf. Dit sluit in R5 miljard wat in 'n komplekse transaksie met afgeleide instrumente op die Steinhoff-aandeeltransaksie gely is en R2 miljard se skadevergoeding vir die verlies wat gely is omdat Lancaster 101 nie 'n lening aan die GEPF kan terugbetaal nie.

Naidoo sê Lancaster 101, wat eise teen die Nederlands geregistreerde Steinhoff ingedien het, glo nie dat die voorstel billik en onpartydig is nie.



"Ons het dit voorheen aan Steinhoff gekommunikeer en glo selfs in 'n likwidasie sal eisers 'n beter geldelike uitkoms kry. Lancaster 101 gaan voort met sy eise deur middel van die regsproses."

**Tekkie Town-stigters**

Bernard Mostert, woordvoerder van die voormalige eienaars van Tekkie Town, wat deur Steinhoff gekoop is, sê hulle stel nie belang in die skikking nie, want dis nie regverdig vir die verskillende eisers nie en sekeres word voorgetrek.

Hy sê hulle sit ook hul hofsake teen Steinhoff en Pepkor, die filiaal wat nou vir Tekkie Town besit, voort.

Hul eis teen die Nederlandse maatskappy beloop R1,8 miljard. In die Oktober-voorstel word net meer as R100 miljoen aan hulle aangebied.

**GT Ferreira en Tokara**

Die skikkingsbedrag wat aan GT Ferreira, wat saam met die Tokara- swartbemagtigingstrust en die Tokara-werkerstrust, R1,1 miljard in aandele belê het, aangebied word, is R420,9 miljoen.

Ferreira sê hy wil nie op die oomblik, terwyl daar nog "'n hekkie of twee is wat oorgesteek moet word, kommentaar lewer nie". "Maar ek dink ons is op die regte pad."

**Jaap du Toit**

Jaap du Toit, wat namens die Le Toit Trust praat, wat ook 'n kontraktuele litigant is, sê hy ondersteun die skikking.

Die alternatief is 'n likwidasie.

"Dit is 'n stap in die regte rigting. Die alternatief is te erg om aan te dink. Dit gaan ongerief, smart en 'n mindere opbrengs beteken."

Ook hy glo Du Preez en sy span het hulle goed van hul taak gekwyt met die skikkingsvoorstel.

Die trust het R753,3 miljoen belê en die skikkingsbedrag wat hulle aangebied word, is R234,3 miljoen.

BVI het R2,9 miljard belê en die skikkingsbedrag wat aangebied word, is R642,6 miljoen. Baie van hul aandele is verkoop.



## ‘Hengse werk’

‘n Eiser wat naamloos wil bly, het die werk wat Louis du Preez, uitvoerende hoof van Steinhoff, en sy span gedoen het om tot die punt te kom om almal se verwagtinge te balanseer “tot ‘n punt wat dit oorweeg – en sterk oorweeg – kan word as ‘n hengse werk” beskryf.

Hy sê Wiese se aanbod is reeds aangepas op aandrang van die ander eisers omdat hy ‘n direkteur en ‘n voorsitter was en daarom kry hy 18c van die rand vergeleke met ander kontraktuele litigante wat 29c kry.

“Die grootste uitdaging was om met hom te onderhandel omdat hy die grootste eis het. Toe hy ingestem het, het dit die hele voorstel ‘n groot hupstoot gegee. Omdat sy eis so groot is, kon dit die hele skema kantel.”

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/steinhoff-skikking-aftreefondse-vies-oor-5c-in-rand-20210219

